

23 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 21:28-32
Fokusgedeelte: Matteus 21:28-32

Ja-broer of bekeerde? Die Koning en Regter kom!

Die Here leer ons veral hiervandaan verder in die evangelie om raak te sien dat die voleinding van die koninkryk van die hemele aan die kom is. Hier in Matteus 21 kom die Koning na die huis van sy Vader en vind 'n bankrot godsdiens en nog ellendiger leiers. Die Koning kom ook as Regter: In die vervloeking van die vyeboom spreek Hy woordeloos sy oordeel oor so 'n godsdiens en sulke leiers uit. Hulle wil nie hoor nie, wil nie sien nie, daarom hou Hy nou drie spieëls voor hulle sodat hulle kan besef hoe hulle is. 'n Gelykenis van twee seuns is die eerste spieël.

In die spieël is dit onmiskenbaar: Hulle is ja-broers – hulle sê “Ja”, maar hulle hele godsdiens is net skyn. Hulle praat net, maar doen nie. Dit is ná hierdie pa aan sy ander seun dieselfde opdrag gegee het. Dié het summier geweier. Die seun wat prontuit weier, is die weerspieëling van die tollenaars en prostitute. Tog het Johannes die Doper se prediking aan hulle bly knaag totdat hulle uiteindelik berou kry en van gedagte verander. “Nee” word “Ja” – ongeloof word geloof. Vers 32 wys dat tussen hulle *ja* en *nee* twee dinge staan: Berou en geloof; en dit is bekering.

Die Here praat dus met dié wat “Ja” gesê het. Dit is almal wat bely, lidmate is, sy kerk wat ons kan sien: Ons. Wat sê die spieël vir jou as jy daarin kyk? Sien jy agter jou belydende gesig in die spieël ook die pad van bekering, die getuienis dat jy waarlik die prediking van Johannes dat Jesus die pad van God se geregtigheid is, geglo het? Sien jy in jouself 'n nuwe lewe wat die bevestiging is dat jy besef God het Homself in Jesus Christus aan jou geopenbaar – tot in die dood aan die kruis om jou los te koop van jou ellendige huigelagtigheid? 'n Nuwe lewe wat die vrug is van hartlike berou en egte bekering tot ons Here wat ons regeer tot gehoorsaamheid?

Hierdie gelykenis is nie 'n teleskoop om mee terug te kyk in die verlede en te sien hoe die Fariseërs Hom verwerp het nie, maar 'n spieël in 'n mikroskoop om jou hart se diepste grond te beoordeel. Staan daar tussen jou eie aard en jou belydenis waaragtige berou, hartgrondige bekering en 'n eerlike geloof? Daarsonder het jy geen deel aan die Weg tot die heiligdom nie.

Sing: Psalm 8:2, 7 (Totius); Skrifberyming 15-7:2-4; Skrifberyming 17-2:1, 2, 5, 6, 8

Ds. J Malan (Burgersdorp)